Huisgeloof

GESPREKSRIGLYNE

tema 3

PALMS

Gesels Saam

"HOOGTEPUNT-LAAGTEPUNT"

Gee vir elke lid van die gesin geleentheid om te vertel:

- Wat was so ver jou hoogtepunt in dié tyd van afsondering by die huis?
- Wat was vir jou 'n laagtepunt of moeilik om te hanteer in dié tyd by die huis?
- Kies 'n "emoji" wat jou gevoel op dié oomblik die beste beskryf...



Aanbid

Sing een van jul gunsteling geestelike liedere saam. Die internet is ook vol lof- en aanbiddingsmusiek. Lofprysing is een van die beste teenmiddels vir angstigheid. Sit vir jou huismense 'n aanbiddingslied op, lê saam op jul rug op die mat en luister toe-oë daarna.

Lees | *Johannes 12:12-19*

Komende Sondag, 5 April, noem ons PALMSONDAG.

- Hoekom dink jy word dié dag PALMsondag genoem?
- Wat, dink jy, is die betekenis daarvan dat Jesus juis op 'n donkie gery het?
- Watter tipe eienskappe dink jy het 'n persoon wat NEDERIG is?
- Vertel mekaar van 'n persoon wat jy ken wat jy as NEDERIG sal beskryf.

Aktiwiteit

Ons maak ‘n donkie & palmtakke om Palmsondag op 5 April te vier. Wanneer jy klaar is, sit jou donkie & palmtakke iewers waar jy dit heel week kan sien. Dit is byna Palmsondag en dit sal jou herinner hoe Jesus op ‘n donkie in Jerusalem ingery het. Jesus, ons koning, ry op ‘n nederige donkie Jerusalem binne. Die skare mense verwelkom Hom met palmtakke wat hul wuif en op die grond sit. Jy kan sommer vir mamma of pappa vra om te gaan “google” hoekom juis palmtakke? Maak saam as gesin ‘n paar donkies en gebruik dit om die storie te vertel.

Jy benodig vir jou donkie & palmtakke:

Papier *(om jou donkie op te druk - sien templaat)*
Verf of kryte *(om jou donkie in te kleur)*
Gom *(vir plak van tou of wol vir jou donkie se hare)*
2x Wasgoedpennetjies *(per donkie)*

- Druk jou donkie van die templaat soos verskaf.
- Kleur in of verf jou donkie se lyf.
- Knip uit en plak die 2 dele teen mekaar. (Karton werk goed indien jy het of gebruik sommer herwinde karton)
- Smeer nou gom op jou donkie waar die maanhare, kuif en stert moet wees.
- Knip stukkies wol of tou en druk stewig vas. Wanneer droog kan jy dit mooi netjies knip.
- Verf nou jou wasgoedpennetjies in die kleur van die donkie se lyf en die onderste deel swart vir sy hoewe. Wag totdat droog word.
- Jy kan nou die pennetjies vasknyp en jou donkie laat staan.
- Druk nou jou templaat van die palmtakke uit. (Jy kan ook blare uit groen papier knip of ‘n palmtak in die tuin gaan soek en kleiner knip – onthou ons kyk mooi na bome en knip dit netjies af)
- Pak nou jou palmtakke saam met die donkies by jou uitstalplekkie.
- Vertel jou storie vir die familie en gebruik jou donkie en waai jou palmtakke sodat almal kan sien hoe bly die mense was toe Jesus ingery gekom het op die donkie in Jerusalem.

Uitdaging vir die week

Stuur hierdie week vir iemand ‘n spesiale boodskap via WhatsApp of sms. Spreek jou waardering uit teenoor die persoon vir wat hy of sy vir jou beteken. Julle kan dit individueel doen of as familie saam besluit vir wie julle ‘n boodskap van waardering wil stuur.

Gebed

- Ons bid vir al die wetenskaplikes wat werk daaraan om ‘n teenmiddel vir die Covid 19 virus te kry.
- Ons bid vir Silwerkruin en ál ons dorp se bejaardes wat in die tyd alleen is.
- Ons bid vir ál die kinders van Huis Andrew Murray asook vir die huistannies en -ooms wat baie lang ure werk in dié tyd.
- Ons bid ook vir Wellington se hawelose mense. Heelwat van hulle word tans in die stadsaal gehuisves.
- Stel jou foon vir 5 voor 12 en staan vir ‘n oomblik stil. Herinner jouself aan God se teenwoordigheid.

Opsioneel

Kyk gerus na hierdie kunswerk en lees H. Nouwen se opmerkings daaroor:

“ 'Christ on a Donkey' in the Augustiner Museum in Freiburg is one of the most moving Christ figures I know…(As he rides into Jerusalem) He sees beyond all the noise and movement to what is ahead of him: an agonizing journey of betrayal, torture, crucifixion and death. His unfocused eyes see what nobody around him can see; his high forehead reflects a knowledge of things to come far beyond anyone's understanding. There is melancholy, but also peaceful acceptance. There is insight into the fickleness of the human heart, but also immense compassion. There is a deep awareness of the unspeakable pain to be suffered, but also a strong determination to do God's will. Above all, there is love, an endless, deep, and far-reaching love born from an unbreakable intimacy with God and reaching out to all people, wherever they are, were, or will be. There is nothing that he does not fully know. There is nobody whom he does not fully love. Every time I look at this Christ on the Donkey, I am reminded again that I am seen by him with all my sins, guilt, and shame and loved with all his forgiveness, mercy, and compassion."

-Henri Nouwen-